**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**
**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 8 JANUARIE 2021 OM 09:00 TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Martiens Kunneke
Joe Meyer
Otto Pepler
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel

**1 OPENING & VERWELKOMING**
Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy wens almal voorspoed toe vir die nuwe jaar. Joe open die vergadering met gebed.

**2 VERSKONINGS**
Geen

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**
Die notule van die vergadering, gehou op 7 Desember 2021, word aanvaar en goedgekeur. Martiens stel dit voor en Adriaan sekondeer.

**4 VERKIESING VAN AMPSDRAERS**
Die verkiesing van die 4 ampte vind plaas.
Voorsitter: Walter Kurten
Ondervoorsitter: Riekie Pienaar
Sekretaresse: Anita Swanepoel
Tesourier: Martiens Kunneke

**5 STRATEGIE 2021**
Walter het 'n konsepstrategie vir 2021 opgestel. Dit word bespreek.

Daar word op die volgende strategieë ooreengekom:

| **Strategie** | **Verantwoordelike bestuurslede** |
|---|---|
| Finansies<br>- Invordering van ledegeld<br>- Uitbreiding van ledetal<br>- Addisionele bydraes | <br>Martiens<br>Riekie<br>Joe |
| Watervoorseining | Otto<br>Buks<br>Joe |
| Omgewingsake<br>- Duine<br>- Parkering by strand<br>- Nuwe toiletgeriewe by strand<br>- Omgewingsverfraaiïng | <br>Joe<br>Joe<br>Joe<br>Martiens en Otto |

| | |
|---|---|
| Kommunikasie<br>- WhatsApp<br>- Nuusbrief | <br>Walter en Riekie<br>Almal |
| Gemeenskapsaal<br>- Onderhandelings<br>- Bestuur<br>- Toegangsbeheer | <br>Walter<br>Adriaan<br>Adriaan, Anita, Hylien. |
| Paaie<br>- Instandhouding<br>- Spoedbrekers | <br>Joe en Walter<br>Joe |
| Umzamowethu<br>- Onderhandelings met SASSA<br>- Kliniekdienste<br>- Skills development | <br>Adriaan<br>Adriaan<br>Adriaan |
| Afvalstortingsterrein<br>- Bestuur en instandhouding | <br>Adriaan |
| Biblioteek | Hylien en Anita |
| Wetstoepassing<br>- Omgewing<br>- Verkeer | <br>Martiens<br>Adriaan |
| Toerisme<br>- Voëlkykstaproete | <br>Otto |

## 6 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

### 6.1 Finansies

Balans soos op 1-11-2020: R 29 700
Inkomste uit ledegeld: R 5 300
Donasies: R17 900
Totaal: R52 900

Statistiek:
39 huishoudings betaal ledegeld
107 lede

| | |
|---|---|
| Maandelikse donateurs: 6 @ R 2 900 | R 7 250 |
| 10 ander donateurs | R 10 650 |
| Totaal: | R 17 900 |

R 40 000 sal na die spaarrekening oorgeplaas word.

Riekie en Martiens sal teen die einde van Februarie 2021 begin skakel om ledegeld in te vorder. Martiens versoek 'n ledelys wat die adresse en telefoonnommers bevat. Hy verneem ook na 'n eienaarslys. Walter meld dat Hettie se lys redelik volledig is en dat hy oor die meeste telefoonnommers beskik. Die eienaarslys kan van die Kouga Munisipaliteit

website waar die waardasie lys publiseer is, bekom word. Die kontakbesonderhede is egter onvolledig. Joe meld dat Elmarie Meyer waarskynlik 'n volledige eienaarslys sal hê.

Martiens onderneem om mense individueel te kontak na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering se besluit oor aftrekorders.

Die volgende uitklaring word gegee: 'n Ledelys is 'n lys van inwoners, eienaars en besoekers wat lede van die Inwonersvereniging is en ledegeld betaal. 'n Eienaarslys is 'n lys van al die eienaars van huise en erwe in Oesterbaai. Daar is baie eienaars wat nie 'n bydrae lewer nie.

Adriaan verneem of Riekie as tekenpligtige op die bankrekenings bygevoeg moet word. Dit sal met die volgende Fica opdatering gedoen word.

**AKSIE: MARTIENS, RIEKIE EN WALTER**

**6.2 Gemeenskapsaal**

Walter meld dat Adriaan hulp nodig het in die saal. Adriaan stel voor dat Hylien en Anita 'n stel sleutels moet kry vir die Saal en Biblioteek. Hy onderneem om hulle op te lei oor die prosedure van die alarmstelsel.

Walter meld dat die instandhouding en herstel van die Saal pertinent in die MOU en die IDP beskryf moet word.

**AKSIE: ADRIAAN, HYLIEN, ANITA EN WALTER**

Adriaan noem dat die saal se deur moeilik oopmaak. Joe onderneem om aandag te gee.

**AKSIE: JOE**

Adriaan noem dat die kerk weer vanaf 17 Januarie 2021 begin, indien daar nie verdere Covid beperkings ingestel gaan word nie.

Adriaan verneem na die toelating van die Sandwater Laerskool in die saal. Walter meld dat dit 'n gemeenskapsaal vir die gemeenskap is. Die skool het ook 'n verantwoordelikheid om skoon te maak. Walter en Adriaan sal met die nuwe hoof vergader oor hulle verantwoordelikhede en die gebruik van die toilette in die saal.

Adriaan noem dat die kombuis en badkamers geverf moet word. Walter vra Joe om ook na die vensterrame te kyk. Joe noem dat die vensters vervang moet word. Walter bevestig dat 'n kwotasie van ±R 60 000 aan die Munisipaliteit gestuur is. Daar is geen terugvoer ontvang nie.

**AKSIE: ADRIAAN EN JOE**

**6.3 Afvalstortingsterrein**

Adriaan aanvaar verantwoordelikheid vir skakeling oor die afvalstortingsterrein.

Joe noem dat die vullisdromme met wiele wat inwoners gekry het baie goed werk. Joe verneem weer na herwinning en skeiding van afval. Walter versoek Adriaan om vir Christa te vra hoe ons hulle kan ondersteun, ook wat die skeiding van afval betref. Dit word weer vermeld dat die hoeveelheid afval wat buite seisoen genereer word, herwinning nie finansiëel haalbaar maak nie.

Adriaan meld dat tuinvullis nog 'n groot problem is. Joe onderneem om saam met Nomvelo te help met die tuinvullis. Indien die sny van bome geskeduleer kan word, kan die nodige reëlings getref word.

Adriaan onderneem om 'n organogram by Christa Venter te kry en te reël dat die terrein weer snags gesluit word. Walter noem dat gedurende die tyd wat die hekke na-ure gesluit was, mense hulle afval voor die hekke gestort het.

**AKSIE: ADRIAAN EN JOE**

Hylien verneem na die skoonmaak van die blou dromme op die strand. Dit is die verantwoordelikheid van die OIV. Joe stel voor dat plastieksakke daarin geplaas word, aangesien dit die skoonmaak vergemaklik. Martiens onderneem om dit te doen.

**AKSIE: MARTIENS**

**6.4 Kommunikasie**

Dit word besluit dat Riekie bystand sal lewer met die WhatsApp groepe.

**AKSIE: WALTER EN RIEKIE.**

**6.4.1 Advertensies**

Walter lig die vergadering in dat slegs een betaalde advertensie ontvang is.

**6.4.2 Nuusbrief**

Lede moet deurgaans op hoogte bly van belangrike sake in die dorp. Foto's moet deur die jaar geneem word, sodat die Nuusbrief elke jaar nuwe sake en gebeurtenisse bevat. Jana Marais het ingestem om te help met die Oesterbaai Nuusbrief.

**AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE**

**6.5 Watervoorsiening**

Buks stem in om saam met Otto na die watervoorsiening om te sien. Otto sal Buks rondneem om hom op hoogte te bring met die waterstelsel.

**AKSIE: OTTO EN BUKS**

Otto gee terugvoer oor die water. Daar is goeie watervoorsiening. Otto verneem of die Bestuurslede harde water ervaar. Walter noem dat daar soute in die boorgat oorkant Solly mag wees, aangesien daar 'n aanpaksel by die pyp se bek is waar die water in die opgaardam stort. Otto meld dat Oesterbaai eintlik net een boorgat saam met die fonteine

gebruik, en dat die ander boorgate se pompe outomaties aanskakel, indien nodig. Willie Botha is ook altyd behulpsaam.

**6.6 Omgewingsake**

Otto lig die vergadering in dat Ben Schellingerhout se seun 'n gekwalifiseerde tuinargitek is wat 'n kwekery begin. Joe sal die inligting kry en aan Nomvelo oordra. Dit sal 'n goeie geleentheid wees vir die man. Joe sal ook vir Rufus kontak oor die grond langs die reservoir.

**AKSIE: OTTO EN JOE**

Volgens Joe het Nomvelo reeds die plante vir duine reg. Wanneer die besproeiïng reg is, kom Joe terug na Oesterbaai vir die beplanting. Joe meld dat die boorgat in die erf agter Prof Lots vir besproeiïng oorweeg word. Joe onderneem ook om met Willie Botha te praat oor die boorgat op die hoek van Tuna- en Marlynstrate sodat ongesuiwerde water gebruik word. Joe is van mening dat nie baie water benodig word vir die beplanting van die duine nie.

**ASKSIE: JOE**

Walter lig die vergadering in oor die e-pos ontvang van Wyksraadslid Zolani Mojoni waarin hy hom uitnooi om betrokke te raak by Gamtoos Werk vir Water se verwydering van uitheemse bome rondom Umzamowethu en Oesterbaai.

**6.7 Paaie**

Joe meld dat die pad goed herstel is en goed gehou het vir die vakansiegangers.

Joe is van mening dat sy stormwaterwalletjies help om spoed te beheer en daar is nie toestemming van die Munisipaliteit nodig om dit te maak nie. Gedurende April sal hy weer walletjies maak. Dit kan ook op die teerpaaie aangebring word. Joe versoek dat indien daar probleme met die interne paaie is, moet dit aan hom rapporteer word.

**AKSIE: JOE**

**6.8 Umzamowethu.**

Adriaan sal steeds die Handvaardigheidsprogram, Sassa en die Kliniek behartig. Hy spreek sy kommer uit oor sekere leiers in Umzamowethu wat hom blokkeer om in Uzamowethu te werk.

**AKSIE: ADRIAAN**

Joe gee erkenning vir Adriaan se werk en is bereid om hom te help. Hy spreek weer sy mening uit dat Umzamowethu nie net gelos kan word nie. Joe meld ook dat daar amptenare by Kouga Munisipaliteit is wat wat Sosio-Maatskaplike werk in Umzamowethu moet doen en Raadslid Benson kan hiermee help.

**AKSIE: JOE**

Otto stel voor dat daar 'n lys opgestel moet word van ambagslui of persone met sekere vaardighede in Umzamowethu, bv. verwers, bouers ens. Die werkers kan moontlik uitgedaag word om hulle besonderhede op die lys te laat plaas. Terugvoering oor die gehalte van die werk moet ook op die lys verskyn. Die Bestuurskomitee kan dan mense aanbeveel vir werk. Die Bestuurskomitee aanvaar nie verantwoordelikheid vir die werk nie. Die lys word nie openbaar gemaak nie.

**AKSIE: ADRIAAN EN OTTO**

**6.9 Brandweer**

Joe Spreek sy bekommernis uit oor wegholbrande. Hy stel voor dat daar werk gemaak moet word aan 'n plan.

Walter spreek die mening uit dat dit baie moeilik sal wees om brandspanne saam te stel, as gevolg van die inwoners se gemiddelde ouderdom. Joe meld dat alhoewel dit die Munisiplaiteit se plig is, ons wel 'n Noodplan nodig het. Joe stel voor dat brandstroke geskep moet word en dat brandmateriaal soos Rooikrans uitgeroei moet word. Dit kan ook werk verskaf.

Walter noem dat eienaars verantwoordelik is om hulle grond skoon te hou. Die Munisipaliteit kan geskakel word wat dan die eienaars kan dwing om hulle oorgroeide erwe skoon te maak. Adriaan onderneem om by Mev. Christa Venter vas te stel wie die verantwoordelike amptenaar in die verband is.

**AKSIE: ADRIAAN**

Joe vra Riekie om 'n vergadering met die NSRI te reël om die saak te bespreek.

**AKSIE: JOE EN RIEKIE**

**6.10 Biblioteek**

Hylien noem dat die Biblioteek baie uitbrei a.g.v. skenkings. Baie goeie boeke, veral Engels, word geskenk. Sy meld dat daar 'n behoefte aan nog rakke is of die moontlikheid van nog 'n vertrek, sodat die Afrikaans en Engels geskei kan word.

Martiens en Buks onderneem om saam te gaan kyk hoe die ruimte beter benut kan word.

**AKSIE: HYLIEN, ANITA, MARTIENS EN BUKS**

**6.11 Diereprojek**

Na bespreking oor die DBV, dat Munisipale Wetstoepassing betrokke moet wees by verwydering van diere en dat min eienaars bereid is om hulle diere te laat steriliseer, word besluit om die Diereprojek vir eers te staak.

**6.12 Algemene Jaarvergadering**

Die opkoms was beter as wat verwag was in die lig van die Covidsituasie. Die notule sal binnekort beskikbaar wees. Walter verneem of enige sake by die vergadering bespreek dringend per WhatsApp kommunikeer moet word. Geen aspekte word identifiseer nie.

**6.13 Wetstoepassing**

Otto meld dat dit oor meer gaan as verkeerswetstoepassing. As voorbeelde meld hy die oortreding van visvangpermitreëls, visvang sonder permitte, hengelaars wat hulle afval op die rotse laat, mense wat onwettig op die strand ry, perlemoenstropers, robbe wat vanaf tjokkabote geskiet word, ens. Hierdie oortreders moet aangemeld en vervolg word.

**AKSIE: ALMAL**

Walter spreek sy kommer uit dat daar steeds mense is wat verkeersreëls verontagsaam. Sommige mense is nie toeganklik vir gesprekvoering rondom die saak nie. Adriaan vermeld dat die verkeersafdeling slegs een maal gedurende die vakansietyd in Oesterbaai was en slegs een verkeersboete is in die bo-dorp uitgereik. Verdere gesprekvoering sal met die Verkeershoof, Solly Nelson, gevoer word.

**AKSIE: ADRIAAN**

Joe stel voor dat dit wat bespreek is, opgevolg moet word met 'n WhatsApp boodskap. Almal moet in kennis gestel word van opruiming. Opruiming is noodsaaklik en goeie maniere.

**6.14 Tydelike toilette**

Adriaan verneem of Buks kan kyk dat die toilette skoongemaak word en of die toiletpapier by hulle gestoor kan word. Buks stem in. Daar is 'n skoonmaker aangestel om twee keer per dag skoon te maak.

**AKSIE: BUKS**

**7. NUWE SAKE**

**7.1 Veiligheid**

Walter meld dat hy die aangeleentheid op die agenda geplaas het n.a.v die klein diefstalle wat tydens die vakansie voorgekom het. Hy het ook met Kotie 'n gesprek gevoer om te verneem of daar enige ander aksies is waar die Bestuurskomitee van hulp kan wees. Kotie is van mening dat die hulp met die kommunikasie op WhatsApp waardevol en genoegsaam is. Buks meld dat ons mense gereeld moet herinner dat ons nie misdaadvry is nie. Joe noem dat die frekwensie baie laag is en so moet bly. Kotie en sy mense is baie paraat.

Otto noem dat terugvoering van vakansiegangers ontvang het dat Oesterbaai skoon en veilig is.

**7.2 Toerisme.**

Otto, Joe en Buks sal verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die voëlkykstaproete neem.

Otto, Ben, Herman en Kobus het al vergader. Otto onderneem om voort te gaan met die voëlkykroete en gaan probeer om hierdie jaar een roete gangbaar te maak.

Otto wil probeer om geld te genereer uit staproetes.

Joe stel voor dat Tunastraat gebruik word wat uitlope na sekere plekke het en makliker roetes het wat makliker skoongehou kan word. 'n "Brush cutter" sal instandhouding makliker maak.

**AKSIE: OTTO, BUKS EN JOE.**

**7.3 IDP vergadering**

+sal die vergadering vroegtydig inlig.

**AKSIE: WALTER**

**7.4 Link toepassing**

Walter is van mening dat soveel as moontlik inwoners die Link toepassing op hulle selfone moet aflaai en dit moet bebruik. Die toepassing werk uitstekend. Wanneer 'n diensprobleem op die toepassing registreer word, gaan 'n rekwisisienommer na die verantwoordelike amptenaar en sy reaksie word gemoniteer. Terugvoer word gegee aan die persoon wat die probleem geregistreer het.

Otto stel voor dat dit 'n manier kan wees om geld te in. In ander dorpe betaal mense vir sulke dienste, hier kry hulle dit verniet. Otto stel voor dat mense eers 'n lid moet wees van die OIV voordat Walter die aanmeld van probleme namens hulle doen.

Joe is van mening dat verhoudings in Oesterbaai nou baie goed is en dat 'n mens nie nou op tone moet trap nie. Verhoudings is primer.

Walter onderneem om baie diplomaties op te tree indien nie-lede hom kontak vir dienste.

**8 VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering sal volgens behoefte geskeduleer word.

**8 AFSLUITING**

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

| | |
|---|---|
| …… | …… |
| **GOEDGEKEUR** | |
| **VOORSITTER** | **SEKRETARESSE** |

**DATUM:**